

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder  
Tel: 011 476 7400  
Faks: 086 505 8957  
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za  
Web: www.transportexpo.co.za

## Persverklaring

Johannesburgse Expo-sentrum, 18 - 21 Maart 2009

### **VERVOEREXPO SAAM MET AUTOMECHANIKA SA UITERS KOSTEDOELTREFFEND**

Die besluit deur Dogan Trading, die organiseerders van die Johannesburgse vervoer-expo, om die Jo'burg-vervoerexpo saam met die inleidende Automechanika Suid-Afrika-voertuignaverkoper-handelskou aan te bied, word deur die vervoerbedryf-uitstallers as 'n uiters koste-doeltreffende promosie-geleentheid in die heersende ekonomiesedruk-toestande beskou. Die twee byeenkomste word van 18 tot 21 Maart 2009 tegelykertyd op dieselfde perseel by die Expo-sentrum in Nasrec, Johannesburg, aangebied.

“Ons besef nou al lank dat daar 'n behoefte onder die vervaardigers van vervoertoerusting en vervoer-diensteverskaffers vir 'n toegewyde vragmotor- en vervoer-handelskou is, dus is ons formaat om hierdie nuwe uitstalling oor 'n tydperk van vier dae aan te bied, pasreg vir hul vereistes,” het Philip Otto, skoudirekteur vir die vervoer-expo, gesê.

“Om egter 'n nuwe, alleenstaande vragmotor- en vervoerskou sonder die steun van 'n groot aantal uitstallers aan te bied, sou onproduktief wees en in die huidige ekonomiese klimaat 'n groot gevaar vir die toekoms van die byeenkoms inhou.

“Ons glo ons het met die ideale oplossing vorendag gekom om die byeenkoms wat ons van plan is om 'n gereelde, tweejaarlikse byeenkoms vir die vervoerbedryf te maak, aanstaande jaar saam met die internasionale Automechanika SA-handelskou aan te bied,” het die skoudirekteur bygevoeg.

Die Johannesburg-vervoerexpo het wyduiteenlopende steun van verskillende instellings in die bedryf, waaronder die padvervoeringingenieurstigting (IRTE), die SA voertuig- en rompbouersvereniging (SAVABA), die padvragvervoervereniging (RFA), die SA busopereatersvereniging (SABOA), die kleinhandelmotorbedryfvereniging (RMI) en die federasie van Oos- en Suid-Afrikaanse padvervoerverenigings (FESARTA).

Die wêreld se voorste Automechanika-handelskou, wat in September 2008 in Frankfurt, Duitsland, aangebied is, het 'n beduidende aantal uitstallings en buitelig-tentoonstellings gehad wat op die vragmotor- en vervoerbedrywe van toepassing is, wat beteken dat die besluit om die Automechanika SA-handelskou en die Johannesburg-vervoerexpo saam aan te bied, vir baie van die uitstallers 'n geval van twee vlieë met een klap sal wees omdat dit deelname so koste-doeltreffend maak.

'n Derde, ewe verwante byeenkoms wat op dieselfde tyd as Automechanika SA en die Joburg-vervoerexpo by die Nasrec-exposentrum sal wees, is die nasionale vaardighede-indaba wat gedryf word deur die voertuigbedryfontwikkelingsentrum (AIDC) en die RMI om mense aan te moedig om loopbane in die motorbedryf op te neem, terwyl dit ook die vaardighede van mense wat reeds in die bedryf is, sal beklemtoon.

Een van die hoogtepunte van die ander byeenkomste wat gedurende die skoutydperk aangebied word, sal 'n belangrike sake-ontbyt vir vooraanstaande lede van die vragmotor- en vervoerbedrywe wees, en waar hoogs gerespekteerde sprekers sal optree.

Dogan Trading is as organiseerders van die byeenkoms baie bewus van die noodsaaklikheid om koste vir die uitstallers te help beperk, veral in die lig van die huidige ekonomiese klimaat en die finansiële uitdagings wat uitstallers in die gesig staar, en het met 'n aantal pasgemaakte pakette vorendag gekom vir vertoongebiede waar alles voorsien word en uitstallers net hul eie produkte en kentekens hoef te bring om dit 'n baie professionele uitstalling te maak.

“Ons is baie bewus van die feit dat wanneer die vervoerbedryf by skoue uitstal wat hoofsaaklik op die motorbedryf gemik is, hulle nie werklik 'n keuse het nie en noodgedwonge duur uitstallings moet laat oprig. Dit is om hierdie rede dat ons werk daarvan gemaak het om hul deelname aan die Joburg-vervoerexpo 'n bekostigbare ondervinding te maak wat 'n uiters kostedoeltreffende promosie sal maak en gewis die moeite werd sal wees.

Die Johannesburg-vervoerexpo 2009 sal die kollig plaas op veranderinge in die bedryf, en word ontwikkel as 'n tegnologies-gegronde byeenkoms wat 'n wye reeks produkte en die jongste oplossings in die vervoer-, logistieke en materiaalhanteringsbedrywe ten toon sal stel.

Hierdie bedrywe ontwikkel voortdurend en die skou sal uitstallers in staat stel om van aangesig tot aangesig in 'n professionele sake-omgewing te wys wat hulle het om te bied. Die uitstalling sal ook die baie geallieerde dienste wat vir die vervoerbedryf beskikbaar is, ten toon stel.

Bladsy 2

Transport Expo, 18 - 21 Maart 2009

Die Johannesburg-vervoerexpo 2009 is strategies beplan om met die bemiddelingsiklus saam te val en is geposisioneer om te voldoen aan die stygende vraag wat in die vervoer-, logistieke en verskaffingskettingsektore deur die inwerkinstelling van die 2010-vervoeraksieplan en die 2010-Wêreldbeker geskep word.

“Dit is noodsaaklik dat ons ‘n groot sukses van die eerste Johannesburg-vervoerexpo maak sodat ons dit in die toekoms kan ontwikkel om ‘n alleenstaande skou te word, en ek glo die besluit om dit saam met die internasionale Automechanika-handelsnaam aan te bied, sal die ideale katalisator wees om te verseker dit is ‘n waardige byeenkoms vir almal wat betrokke is,” het Otto gesê.

Nog inligting is beskikbaar by:  
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklarings en fotos is elektronies beskikbaar by:  
[www.quickpic.co.za](http://www.quickpic.co.za) en [www.transportexpo.co.za](http://www.transportexpo.co.za)